# VRYPOS

Tweeweeklikse Nuusbrief van die NG Kerk Vrystaat



# Koninkrykstyd

11 NOVEMBER 2022 | JAARGANG 20

UITGAWE 17

# INHOUD


## 03 VRYPOS-FOKUS

03 **Nie van hoorsê nie**

## 04 ARTIKELS

04 Verbi Divini Minister | **Oor tyd ... en *wanneer* ons is (en nie is nie)**

04 **Seminarium-afsluiting 2022**

04 **Gaan die Vrystaatse Sinode die Algemene Sinode verlaat?**

04 **'n Senior volwasse-bediening in die geloofsgemeenskap**

04 **Omvattende versorging van senior volwassenes**

04 Vrouebediening | **Sinodale Vroue-konferensie 2023**

05 LECSA | **Pelgrimstog van Vrede en Geregtigheid**

05 **Vrystaat-aksie in DEGNOS**

05 Islam | **Die Hadith: Die versamelde woorde en werke van Mohammed**

05 **Vrystaat teenwoordig by RCA Sinodesitting**

05 **Degnos-bediening aan die San-mense, Namibië**

## 06 MEDIATEEK

06 'n Resensie | **Eugene H Peterson Working the Angles: The Shape of Pastoral Integrity (1987)**

06 Inventaris

## 08 EKOLOGIE

08 Ons gemeente wil herwin, maar hoe gemaak?

## 10 LEER KEN

10 Nuut | **Ds Natasha du Plessis**

11 Nuut | **Ds Frans du Toit**

## 12 AKTUEEL ALGEMEEN

12 Aktueel

13 Personeel bekendstelling

14 Algemeen

## 16 OPLEIDING

## 17 NUUSBRIEWE PUBLIKASIES

17 Nuusbriewe | **TOIBO**

17 Publikasie | **CLF**

17 Publikasie | **CLF**

17 Kerkbode | **Brokkies uit Kerkbode**

## 18 KALENDER

## 19 BETREKKINGS

## 21 VERJAARSDAE

## 22 'N LAASTE GEDAGTE

## 23 KONTAK ONS



bybelgenootskap van suid-afrika
bible society of south africa

**MEDIAVERKLARING**

**9 November 2022**

**Bybelgenootskap van Suid-Afrika wys nuwe Tussentydse Uitvoerende Hoof aan**

BELLVILLE, KAAPSTAD – Ds Rodney van Wyk is onlangs as die Tussentydse Uitvoerende Hoof van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika aangewys.

Hy neem die leisels oor by ds Dirk Gevers wat nou die posisie van Sekretaris Generaal van die Wêreldbond van Bybelgenootskappe beklee. Albei dien reeds sedert 1 November 2022 in hul onderskeie posisies.

Ds Van Wyk dien al sedert 2008 op die Bybelgenootskap se Raad van Direkteure en dra aansienlike kennis oor die Bybelmissie en die werksaamhede van die organisasie. Hy is in 2012 tot voorsitter van die Raad verkies en het vir twee agtereenvolgende termyne (ses jaar) gedien. Hy was daarna vir nog twee jaar 'n lid van die Raad.

"As 'n ware transformasionele leier het Dirk die vermoë om deur die mistigheid te sien en duidelikheid te kry rondom die eindbestemming vir die visie wat die Raad gehad het," het ds Van Wyk sy voorganger geloof. "Die harde werk wat daar by die BSA ingeploeg is, het dit moontlik gemaak dat hierdie lewendige, energieke en talentvolle organisasie nou, met die Here se hulp, vir groot dinge bestem is," het ds Van Wyk bygevoeg.


"Ons het die onlangse herstrukturering van die Bybelgenootskap gebruik om ons diens en aanbieding aan kerke te verbeter en uit te brei. Ons is tans besig met die vertaling van vyf nuwe eerste-vertaling Bybels en die hersiening van nog ses. Ons het ook die digitale era ten volle aangegryp en onsself geposisioneer om 'n groeiende aanlyn Bybelleesplatform te akkommodeer," het hy verduidelik.

Ds Van Wyk se vooruitsigte vir die Bybelgenootskap is gegrond in die visie van 'n groot terugkeer na die Woord van God.

"Ons is dankbaar dat ons die Bybel in al die amptelike tale van ons land beskikbaar kan maak. Met ons nuwe, bekwame en passievolle span, wat die Woord van God lief het, wil ons nog meer mense in Suid-Afrika met die Bybel bereik. Ons is deeglik bewus van die belangrikheid van verlossing en ons glo die Bybel is die riglyn vir die talle probleme wat ons land in die gesig staar," het hy bygevoeg.

Die aanstelling van die nuwe Uitvoerende Hoof sal in April 2023 aangekondig word.

**Mediaverklaring »**




**Klik hier »**







**Klik hier »**



# Uit die *Redakteur* se pen

In hierdie uitgawe skyn ons 'n lig op onderwerpe soos: "Nie van hoorsê nie", "Ons gemeente wil herwin, maar hoe gemaak?", "Hou jou bek!" en "Moenie stilbly nie!". Lees gerus meer oor die Vroue-bediening se Sinodale Vrouekonferensie wat in 2023 plaasvind en ons gee ook in hierdie uitgawe meer inligting oor ons twee kampterreine: Mooigenoeg en Floradale Haven - kontak gerus vir Nicolene Gouws om meer hieroor uit te vind.

Kom loer, lees en leer saam met ons deur hierdie nuwe uitgawe en laat weet ons asseblief wat jy dink!

**Die volgende Vrypos-uitgawe sal op Vrydag 25 November 2022 verskyn. Kyk gerus na ons kalender op ons webblad vir belangrike datums.**

Lekker lees.

**Groete**

*Celicia McLean*

Sinodale

# Vrouekonferensie

NG Kerk
Vrystaat

Dankie aan elke vrou wat gedurende die jaar haar deel gedoen het vir die bediening aan vroue in die gemeentes in die Vrystaat

**Lees meer** »

**Geloofsbrief** »

## 11 Saterdag **Februarie** 2023

**Universitas Geloofsentrum**
Strauss-straat 12, Bloemfontein

**Besprekings open reeds op Dinsdag 29 November 2022**
en sluit op Maandag 17 Januarie 2023



**Koste: R250 per persoon**
Spreker: Dr Stephan Joubert

**NAVRAE** | Marietjie van der Merwe - 076 113 9601

Mag elkeen van julle jul lig laat skyn, hoop bring en 'n verskil maak in jou gesin en gemeente

© 2022 | NG Kerk Vrystaat

VRYPOS-FOKUS

# NIE VAN HOORSÊ NIE.

DEUR: DS JAN LUBBE

**"Dit sal gebeur as julle getrou bly luister na die stem van die Here julle God."**

Op 12 Oktober 1962 het prof. EP Groenewald dié woorde van die profeet Sagaria gelees, in Kaapstad, ter opening van die eerste Algemene Sinode van die vyf NG Kerke in Suider-Afrika: "'n Man wat Loot heet, sal uitspruit en die tempel van die Here bou. ... Dit sal gebeur, as julle getrou luister na die stem van die Here julle God" (Sag. 6:13). Dieselfde teks is ook in Oktober 1862 gelees – 'n eeu tevore – toe daardie noodlottige Sinode van NG Kerke óók in Kaapstad gehou is en die afgevaardigdes van al die gemeentes buite die grense van die ou Kolonie deur 'n hofbevel gedwing is om die vergadering te verlaat; die band gebreek, die totstandkoming van drie selfstandige NG Kerke noord van die Gariep en die Vaal en oos van die Drakensberge genoodsaak, elk met 'n eie Sinode. Die verlange sou bly; hul kon hulself nie indink as ánder Kerke nie; innerlik was hul een; hulle het bly bid dat "die Loot die tempel sal bou". Afgelope week – 'n honderd-en-sestig jaar later – is dieselfde profesie van Sagaria drie keer weer gelees: In Kroonstad, Bloemfontein en Betlehem. Gemeentes van die NG Kerk in die Vrystaat het na mekaar toe gedraai en geluister.



*Foto: Streeksbyeenkomste 2022*

Het ons "die stem van die Here ons God" gehoor?

Ons het stemme gehoor wat sê dat hulle kláár geluister het; nie na die Here nie, maar na die Algemene Sinode. Ons het hulle hoor sê dat 'n gees wat die kerk verwar en op sleeptou neem. Hulle sê die Algemene Sinode wil polities korrek wees. Ons het stemme hoor sê dat daar nou twee Jesusse verkondig word: Een wat selfdegeslag-verbintenisse as 'n gawe seën en Een wat selfdegeslag-verbintenisse as sondig verdoem. "Praat Christus dan uit twee monde?" Ons het stemme hoor sê dat homoseksuele mense soos alle sondaars tot bekering geroep moet word; deur terapie van oriëntasie kan verander. Ons het stemme hoor sê dat hierdie nie 'n etiese kwessie is nie, maar – op grond van Romeine 1 – 'n Godsvraag: Sý beeld is heilig, sý skeppingsorde onveranderlik. Ons het stemme hoor sê dat die fout in teologiese opleiding gesoek moet word; dat dominees nie meer opgelei word om na die Heilige Gees te luister en helder te sê "God gee vir ons hierdie Boek; glo wat hier staan soos dit hier staan" nie. Dáárom loop die kerke leeg.

vergadering soos die Algemene Sinode nie na die Woord van die Here geluister het toe besluite oor die Bose en selfdegeslag-verbintenisse in 2011, 2015 en 2019 geneem is nie. Dat die Algemene Sinode onwettig opgetree en sy magte oorskrei het; die bestaansgrond van ons kerkverband – Skrif, belydenis en kerkorde – verskeur het; besluite geneem het wat lei tot die ontheiliging van God se Naam. Ons het stemme hoor sê dat die ruim huis van die Algemene Sinode te veel weerklanke en wanklanke in het; stemme uit die samelewing en tyds-

Ons het stemme hoor sê dat dit ten diepste oor die geloofsvraag gaan: Hoe onderskei jy die ware van die valse kerk, aldus die Nederlandse Geloofsbelydenis (Art. 28 en 29). Ons het stemme hoor vra laat ons daarom toe om uit te gaan, af te skei, vry te kom van die band van die Algemene Sinode. Stem vir Artikel 37 en tree uit die algemene sinodale verband, al is dit net tydelik. "Exit with grace"...

Lees meer »

# ARTIKELS

UIT DIE SINODE | ALGEMEEN

**BEDIENINGSBEGELEIDING**

Verbi Divini Minister

**Oor tyd ... en *wanneer* ons is (en nie is nie)**

**Lees hier »**



**TEOLOGIESE OPLEIDING**

**Seminarium-afsluiting 2022**

**Lees hier »**




**ALGEMEEN**

**Gaan die Vrystaatse Sinode die Algemene Sinode verlaat?**

**Lees hier »**



**BEDIENINGSBEGELEIDING**

**'n Senior volwasse-bediening in die geloofsgemeenskap**

**Kyk hier »**



**BEDIENINGSBEGELEIDING**

**Omvattende versorging van senior volwassenes**

**Kyk hier »**



**VISIONERING**

Vrouebediening:

**Sinodale Vroue-konferensie 2023**

**Lees hier »**



# ARTIKELS

UIT DIE SINODE | AFRIKA-EKUMENE

**VENNOTE IN GETUIENIS**

LECSA
**Pelgrimstog van Vrede en Geregtigheid**

**Lees hier »**



**VENNOTE IN GETUIENIS**

'n Video-onderhoud:
**Vrystaat-aksie in DEGNOS**

DEGNOS

**Kyk hier »**




**VENNOTE IN GETUIENIS**

Die Hadith:
**Die versamelde woorde en werke van Mohammed**

**Lees hier »**



**VENNOTE IN GETUIENIS**

**Vrystaat teenwoordig by RCA Sinodesitting**

**Lees hier »**



**AFRIKA-EKUMENE**

**Degnos-bediening aan die San-mense, Namibië**
*Oorgeneem uit Getuienisaksie Eenheidsbediening en VrydagNuus*

**Lees hier »**



# MEDIATEEK

*1987, W.B. Eerdmans*

'n Resensie deur
**Prof Dons Kritzinger**

## Eugene H Peterson

# Working the Angles: The Shape of Pastoral Integrity (1987)


Ek het die boek *Working the Angles. The Shape of Pastoral Integrity* (1987) van Eugene Peterson by die sinode se mediateek geleen. Peterson was 'n baie bekende en gesogte skrywer van talle boeke... veral bekend vir sy parafrase-vertaling van die Nuwe Testament *The Message* (2002). Maar nou moet ek erken dat ek (skandelik!) nog geen van sy boeke gelees het nie. Daarom het ek besluit ek moet tog maar hierdie ou een lees. As ek geweet het waarvoor ek in is, het ek dit dalk nie gedoen nie...

In hierdie boek klim hy onder ons predikante in. Sy eerste woorde is: "American pastors are abandoning their posts, left and right, and at an alarming rate. They are not leaving their churches and getting other jobs. Congregations still pay their salaries... and they continue to appear in pulpits on Sundays. But they are abandoning their posts, their *calling*". Wow! Die predikante het niks meer geword nie, sê hy, as "shopkeepers", en die winkels wat hulle bestuur is die kerke.

Hy is van mening dat daar basies drie take van die bediening is wat die roeping van die predikant inhou, en hierdie is stil, eensaam en trek nie baie aandag nie: Gebed, die lees van die Bybel, en geestelike begeleiding (3).

Tog vra die praktyk van predikante om baie ander dinge te doen om sy werk te doen, dinge wat heeltemal niks te doen het met die drie basiese take nie.

**Lees meer »**




**Boekprent oorgeneem uit**
*© 1996-2022, Amazon.com, Inc. or its affiliates*

## INVENTARIS | **Mediateek**

**Die Mediateek** van die NG Kerk Vrystaat, Sinodale Kantoor se inventaris word hier volledig deurgegee. Rig enige navrae aan **Anelia van den Blink by (051) 406 6700** of **kuratorium@ngkvs.co.za**.

Hierdie boek is beskikbaar in die Mediateek.

**Loer hier »**



**OPEN** 1 OKTOBER 2022 | **SLUIT** 31 JANUARIE 2023

# BEURSAANSOEKE 2023

Die NG Kerk Vrystaat stel beurse beskikbaar aan studente wat Teologie sowel as vir ander studierigtings studeer. Die fondse vir hierdie beurse is verkry deur bemakings aan die NG Kerk Vrystaat en die Helpmekaar Vrystaat.

Studente wat Teologie studeer of wil studeer met die oog daarop om 'n predikant in die NG Kerk-familie te word, kan aansoek doen by die Beursfonds vir Teologiese studie.

Studente wat in enige ander rigting wil studeer, kan aansoek doen by die Helpmekaar Vrystaat.

**Terme en voorwaardes geld*

**VIR MEER INLIGTING KONTAK**

**Tertius Botha**
tbotha@ngkvs.co.za
(051) 406 6700

**KLIK HIER**




# ONS GEMEENTE WIL HERWIN, MAAR HOE GEMAAK?

*Lees gerus meer oor waarheen om jou **herwinningsmateriaal** te neem **hier** >>*

"Omdat daar waarskynlik gemeentes is wat nou ook graag herwinningsprojekte sal wil begin, het ons besluit om te gaan kers opsteek by **Duart Hugo**, 'n gemeentelid van die NG Gemeente Pellissier, Bloemfontein. Hy het reeds hulp verleen aan sy gemeente oor die beplanning en oprigting van 'n herwinningstasie. Dit is op hul kerkterrein en is deur die week gedurende kantoorure en Sondagoggende oop."

DEUR **MARIËTTE ODENDAAL**

NG Kerk Vrystaat

**Lees meer** »



# MOOIGENOEG

### VERBLYF
- 173 Beddens beskikbaar (waarvan 149 stapel-beddens is)
- 7 Opgedateerde selfsorg-eenhede (24 beddens)

### LOKALE EN GERIEWE
- Groot saal ± 250 persone
- Klein saal ± 50 persone
- Kombuis is ten volle toegerus met alle nodige toerustig om op die perseel voedsel voor te berei
- Swembad en vollyball-baan
- Lekker groot braaiers

### IDEAAL VIR ...
- Groot kampe
- Troues
- Verjaarsdae
- Kombuistee / Babatee / Doeke braai / Retreats
- Konferensies

# FLORADALE

### VERBLYF
- 50 Beddens beskibaar (waarvan 40 stapel-beddens en 10 in selfsorg-eenhede geakkommodeer word)

### LOKALE EN GERIEWE
- Saal ± 150 persone
- 2 Lekker groot ingeboude braaiers
- Boma

### IDEAAL VIR ...
- Klein intieme kampe
- 'n Klein intieme troue
- Verjaarsdae
- Kombuistee/ Babatee / Doeke braai / Retreats
- Konferensies

## KOM EN GENIET!

### KONTAK ONS VIR MEER INLIGTING

**KANTOOR**
Nicolene Gouws · 051 406 6700 · nicolene@ngkvs.co.za

**TERREINE**
CP Prinsloo · 082 523 7309 · ppmooigenoeg@gmail.com

© 2022 | NG Kerk Vrystaat

# LEER KEN

NUWE LERAARS

**Ds Natasha du Plessis**

NG Gemeente Luckhoff

## VAN WAAR?

Gebore in Vaalpark, Vrystaat. Daarna getrek na Bronkhorstspruit waar sy grootgeword het.

## SKOOL & UNIVERSITEIT

**Laerskole:** Vaalpark en Du Preez van Wyk
**Hoërskole:** HS Erasmus en HS Middelburg
**Universiteite:** Universiteit Pretoria/TUKS (Teologie)

## ERVARING EN BEROEP

- Lektor-assistent (TUKS)
- Kinderkerk: NGK Nooitgedagcht Bronkhorstspruit
- Vanaf 2022 predikant by die NG Kerk Luckhoff



## DIT GEE MY HOOP EN MOED

God en God se skepping.

## MY DRYFKRAG

Die Drie-Enige God gee betekenis en dryfkrag in my lewe. Sonder Hom kan ek nie aangaan nie; ek hou daaraan vas.

## MY DROOM VIR DIE KERK

Dat mense sal groei in geloof en hul verhouding met die Here. Dat die norm van die Bybel meer die norm van die die mensdom word. Dat ons elkeen die rippel in die rippeleffek sal wees. Ons is juis IN die wêreld geplaas en nie van die wêreld nie. Die wêreld gaan sê: "Wees jouself" en agteraf jou in hulle wyse van normaal dwing, waar God jou net wil lei in liefde en vir jou wil sê: "Jy is perfek en wonderlik geskape." Volg God en weet dit.

## FAMILIE

Nog enkellopend met wonderlike ouers en twee broers.

## MY BELANGSTELLINGS

- Braai en sokkie
- Rekenaarspeletjies en Netflix
- Boeke lees en Ted talks
- Intellektuele gesprekke en sing
- Nuwe uitdagings en oefeninge

# Ds Frans du Toit

NG Gemeente Hoopstad

## VAN WAAR?

In Bloemfontein gebore en op 'n klein-hoewe in Bainsvlei grootgeword.

## SKOOL & UNIVERSITEIT

**Laerskole:** Bainsvlei en Jim Fouché
**Hoërskool:** Jim Fouché
**Universiteite:** Universiteit van Pretoria (Elektriese Ingenieurswese), Bible Institute of SA (Teologie-graad), Universiteit van Vrystaat (Sendingwetenskap Honneurs en Meesters)

## BEROEP

- Mosambiek - 7 jaar sendeling
- Hoopstad - 12 jaar getuienisdienswerker
- Vanaf 2022 in Hoopstad predikant met fokus getuienisbediening

## MY BELANGSTELLINGS

- In die kerk werk ek graag met die klank- en video-toerusting
- Fietsry

## GESIN

Getroud met Wanna. Sy doen data-verwerking vir 'n boerdery. Hul kinders is Magriet (19), Frans-Petrus (17) en Christoff (11).

## MY DRYFKRAG

Om meer en meer te ontdek wie God is, en hoe Hy, deur wie Hy is, my en ander se lewens nuut maak tot sy eer. Ek hou vas aan wie God is, maar grootliks is dit Hy wat my vashou, deur sy Woord en deur 'n liefdevolle geloofsgemeenskap.

## WAT GEE MY MOED EN HOOP

Die Heilige Gees se werk wat sigbaar deurbreek in die lewens van individue. As ek fyn dophou, sien ek hoe God op klein maniere in 'n klomp (onverwagte) individue se lewens aan die werk is om 'n verandering te bring wat geen mens of program kan vermag nie.

## MY DROOM VIR DIE KERK EN SUID-AFRIKA

Ek glo dat God deur al die uitdagings (polities, ekonomies en teologies) wat ons in Suid-Afrika het, besig is om ons op 'n unieke manier te vorm sodat ons in 'n tyd wat baie tradisioneel "Christen-lande" post-Christelik raak, bruikbaar kan wees om die evangelie weer terug te dra in die wêreld in. Mag God gee dat ons in ons uitdagings nie van Hom en mekaar sal wegdryf nie, maar dat ons juis sal besef hoe nodig ons mekaar het as lede van sy liggaam.



# AKTUEEL EN ALGEMEEN

AKTUEEL

## POST-DOKTORALE STUDIEBEURS AAN DIE UVS

Die Universiteit van die Vrystaat (UV) nooi toepaslik gekwalifiseerde kandidate uit om aansoek te doen vir 'n post-doktorale studiebeurs in die Departement Praktiese en Missionale Teologie aan die Universiteit van die Vrystaat. Kandidate wat daarin belangstel om 'n akademiese of professionele loopbaan gefokus op empiriese navorsing te volg, met 'n besondere navorsing belangstelling in gemeente studies en leierskap binne die Suider-Afrikaanse konteks, word aangemoedig om aansoek te doen.

**Volledige inligting:**
https://ufs.hua.hrsmart.com/hr/ats/Posting/view/512

**SLUITINGSDATUM: 11 NOVEMBER 2022**

Lees hier »

## TWEELINGFONDS TRUST BEURSFONDS

Hiermee word behoeftige NG Kerk teologiese studente wat nie self, of wie se ouers nie oor die nodige fondse beskik om vir hulle studies te betaal nie, uitgenooi om aansoek te doen vir 'n beurs vanaf die Tweelingfonds Trust. Alleen persone wat gebore is in die Vrystaat provinsie, of wat ten tye van die aansoek vir 'n beurs vir 'n tydperk van vier jaar permanent in die Vrystaat woonagtig was, hetsy as koshuisskolier of as inwoner, kan vir 'n beurs in aanmerking kom. Beurse is vir studente wat aan die universiteite van Stellenbosch, die Vrystaat, Pretoria of enige ander tersiêre instelling waar predikante vir die Nederduits Gereformeerde Kerk opgelei word.

**Aansoekvorms kan aangevra word deur ds Ulrich Ohlhoff te kontak by 081 436 7488 of uohlhoff@gmail.com.**

Lees hier »

## PERSONEEL BEKENDSTELLING

NG Kerk Vrystaat




# Nicolene Gouws

SKAKELBORD EN ONTVANGS

- Hanteer skakelbord en ontvangs
- Bespreking van Zoom-vergaderings
- Kampterrein-besprekings (Mooigenoeg en Floradale Haven)
- Amptenare Pensioenfonds administrasie
- CLF-boekverkope

Tel: **(051) 406 6700** | E-posadres: **nicolene@ngkvs.co.za**

# Carlie Niehaus

KOMMUNIKASIE EN BEMARKINGSBEAMPTE

- Skakeling met gemeentes en media
- Ontwerp van bemarkingsmateriaal en digitale mediums
- VRYPOS-samestelling
- Ontwerp van webtuistes
- Webtuiste instandhouding en opdatering




Tel: **(051) 406 6700** | E-posadres: **carlie@ngkvs.co.za**



# "HOU JOU BEK!"

*Deur Theola Langenhoven*

Dit het begin met "Hou jou bek!"
of was dit "Bly stil!"?
Ek het dit afgelag.
Was mos 'n joke of hoe?

Ek was off-guard toe sy hand my wang laat vlam.
Hoekom het ek nie eerder stilgebly nie?
Ek deserve die vuishoue teen my arms en bene.
Ek moet hom nie question nie, so

**Lees meer**

# MOENIE STILBLY NIE!

*Deur Christelike Lektuurfonds*

CLF het 'n reeks pamflette wat mense kan help besin oor geloofs- of sosiale kwessies in ons samelewing vandag.


Die een fokusarea van die pamflette gaan veral oor die pandemie van geweld – ook seksuele geweld – teen vroue en kinders. Huishoudelike geweld saai verwoesting in ons land. Temas soos die volgende is in gedrukte of elektroniese formaat beskikbaar: "Geslagsgeregtigheid in die gemeente", "Vaderskap in Suid Afrika", "Vroue in die Bybel", "My liggaam is myne", "Stop gesinsgeweld", "Kan die wonde van seksuele geweld genees?", "Ek kan nee sê", en vele meer.

'n Aantal van die pamflette kan gemeentes ook as kort leer- of toerustingsprogramme gebruik, as hulpmiddels vir die bediening. Dit is in verskillende tale, as kleurvolle, gedrukte pamflette of aflaaibare elektroniese materiaal beskikbaar. **En dis gratis!**

**Lees meer**


**Klik hier**




NG Kerk
JAGERSFONTEIN SLIKDAMRAMP
IN SAMEWERKING MET PLAASLIKE GEMEENTES
ONS KORT JOU HULP!
Hoe kan jy help? Hoe kan jy betrokke raak?
01
Geldelike donasies
NG Kerk Vrystaat Hoopfonds
Bank | Nedbank
Rekeningnommer | 1178-097-218
Takkode | 198-765
Verwysing | Hoopfonds
Fisiese donasies
Nie-bederfbare kos, langlewe melk, skoon bruikbare volwasse- en kinderklere, skoon drinkwater, komberse, matrasse, kussings, toiletware soos tandepasta, tandeborsels, seep, sjampoe, room, sponsies en meer...
02
Klik hier

VRYSTAAT HOOPFONDS
NG Kerk
NOORD-KAAP BRANDE
ONS KORT JOU HULP!
Hoe kan jy help? Hoe kan jy betrokke raak?
01
Geldelike donasies
NG Kerk Vrystaat Hoopfonds
Bank | Nedbank
Rekeningnommer | 1178-097-218
Takkode | 198-765
Verwysing | Hoopfonds Brande
02
Fisiese donasies
Kontak ds Christo Jonck by (053) 832 9581/2 of e-pos admin@noordkaapland.co.za om meer uit te vind oor hoe jy kan help of betrokke raak
Stuur enige bewys van betaling tov geldelike donasies per e-pos aan Christelle Smith by kerkkantoor@ngkvs.co.za
Klik hier

ARCO musica
SHIFTING GEARS
live at Kundendienst
12 NOVEMBER - 19:00
TO THE BENEFIT OF ENGO - CHILD & YOUTH CARE
TICKETS FROM R200 QUICKET.CO.ZA
BEVERAGE STALLS
Kundendienst - 082 577 2116
Arco - 083 259 2226
Klik hier

hosted by The Initiative of Theology for Southern Africa
OLA SIGURDSON
on Theology and Film
November 16, 2022
6 P.M. (SAST)
via Zoom
Register at hvdweufs.ac.za
Klik hier

Spesiale Kersfeesaanbieding
Tot 35% af
Wye verskeidenheid Bybels teen afslagpryse
Christmas Bible Special
Up to 35%
Klik hier

Spesiale Engo tafelkalenders in samew
ART DE OLIVIA NOU BESKI
Januarie
R140
Engo
STUUR 'N EPOS NA INFO@ENGO.CO.ZA OF SKAKE
Klik hier

re#imagine Matriekfees!
HEROLDSBAAI
7 - 14 Desember 2022
Word aangebied te Heroldsbaai naby George vir alle Matrieks vanoor Suid-Afrika
MATRIEKFEES SKOOLVERLATERSKAMP
ALLE MATRIEKS WELKOM!
KOM RUS, KOM KUIER KOM WEES!
Klik hier

OORSPRONKLIKE
KERSMUSIEK-JUWELE vir Kore en Ensembles
Jeanne de Villiers
OORSPRONKLIKE KERSFEES KOORLIEDERE
INHOUD
Kersfeesklokke (SATB, Glockenspiel, klavier of orrel)
Want so lief het God (SATB, orrel of klavier)
Loflied van Maria (SATB en klavier)
Vreugdelied (SATB en klavier)
Vir ons is 'n Seun gebore (SATB en klavier)
KOORVERWERKINGS
Halleluja (SATB, viool, baskitaar en orrel)
Stille Nag (SATB, viool, klarinet en orrel)
Klik hier

KOUGOM
STUDENTE KAMP
18-21 Januarie 2023
Kamp vir allevoorgraadse Studente
Bou Vriendskappe
Ontdek 'n Nuwe Rigting
Verken 'n Nuwe Pad
MOOIGENOEG KAMP TERREIN
R 900
SKRYF NOU IN!
VIR MEER INLIGTING
KOPANONG CHURCH
VERLIG DIE TOEKOMS
Klik hier


# OPLEIDINGSGELEENTHEID

excelsus
SENTRUM VIR BEDIENINGSONTWIKKELING

# ADVENT EN EPIFANIE

**Die jaar van God se genade | 15-16 November 2022**






**Lees meer »**

**Inskrywingsvorm »**

Aanlyn aanbieding (08:30 – 16:30) | R85.00 per persoon | 20 VBO-punte
Inskrywing sluit op **Vrydag 11 November 2022**

**Alle navrae kan gerig word aan Rika by excelsus@up.ac.za**

excelsus.org.za

# NUUSBRIEWE EN PUBLIKASIES

## NUUSBRIEWE EN BROKKIES UIT KERKBODE




Nuuswenke oor lidmate, gemeentes of ringe wat uit die boks dink om 'n verskil in hul omgewing te maak, is baie welkom.

**E-pos: helene@bmedia.co.za**

**TOIBO**
Nuusbrief

**Lees hier »**

**CLF**
Publikasie

**Lees hier »**

**CLF**
Publikasie

**Lees hier »**

## BROKKIES UIT kerkbode

### BESTEL NOU DIE GEDRUKTE *KERKBODE* VIR 1 MAART 2023 TOT 28 FEBRUARIE 2024

*Oorgeneem uit Kerkbode*
*3 November 2022*

### DANA SNYMAN: 'ONS MOET ANDERS NA DIE NATUUR BEGIN KYK EN BESEF ALLES IS VERBIND AAN MEKAAR'

*Oorgeneem uit Kerkbode*
*3 November 2022*

### SÓ KAN GEMEENTES DIENSPLIG-VETERANE HELP OM AFSLUITING TE VIND

*Oorgeneem uit Kerkbode*
*7 November 2022*

### JA! DIE NGK KAN MET GELOOF-WAARDIGHEID OOR ONREG PRAAT!

*Oorgeneem uit Kerkbode*
*7 November 2022*

# KALENDER

Stuur alle kalender-gebeure aan **cmclean@ngkvs.co.za**

## Engo

ARCO SHIFTING GEARS

**Ten bate van Engo Kinder- en Jeugsorgsentrums**

Kaartjies teen R200 per persoon @ Quicket.co.za.

| 12 | 11 | 22 |
|---|---|---|
| DAG | MAAND | JAAR |

## Legitimasie 2022

PLEGTIGHEID

**Openbaring 4:2-3 (AFR83)**

"En kyk ... 'n troon ... en Iemand wat op die troon sit."

| 15 | 11 | 22 |
|---|---|---|
| DAG | MAAND | JAAR |

## NG Hugenoot

TRADISIONELE KERSSANGDIENS

**Formele Diens om 09:00**

Soli Deo Gloria Kamerkoor & Kunstenaars olv Chris Crouse.

| 20 | 11 | 22 |
|---|---|---|
| DAG | MAAND | JAAR |

## NG Hugenoot

KERSSANGDIENS

**met Joshua na die Reën**

Gratis @ NG Gemeente Hugenoot om 09:00.

| 27 | 11 | 22 |
|---|---|---|
| DAG | MAAND | JAAR |

**www.ngkerkvrystaat.co.za**

NG Kerk Vrystaat

Loer gerus op die **webblad se kalender** vir alle belangrike datums en gemeentegebeure

# BETREKKINGS

## VAKATURES

Sluitingsdatum: **13 November 2022**

NG Kerk Vrystaat

NG GEMEENTE

**BETHLEHEM-EFRATA**

MEDELERAARSPOS

---

NUUT

Sluitingsdatum: **31 Desember 2022**

NG Kerk Vrystaat

NG GEMEENTE

**VREDE-WES**

LERAARSPOS

---

Sluitingsdatum: **17 Januarie 2023**

NG Kerk Vrystaat

NG GEMEENTE

**ORANJEVILLE**

LERAARSPOS

---

NUUT

Sluitingsdatum: **18 November 2022**

SINODE VAN WES-KAAPLAND

STANDPLAAS

**WELLINGTON**

Diensaanvaarding vanaf **1 Mei 2023**

PSD: PREDIKANTE-BEGELEIDING

---

**Kerkbode**

**VIR MEER INLIGTING** | woes@mweb.co.za / 023 342 6030

**Aflosleraars**

**VIR MEER INLIGTING** | daf@ngkvs.co.za / (051) 406 6700

# BETREKKINGS

VAKATURES & PREDIKANTENUUS

NUUT

Sluitingsdatum: **11 November 2022**

Engo
Child & Youth Care • Kinder- & Jeugsorg

## ENGO

BESTUURDER
VAN TOONAANGEWENDE
VERSORGINGSINSTANSIE
VIR BEJAARDES

NUUT

Sluitingsdatum: **Onbekend**

**bible society** of south africa
**bybelgenootskap** van suid-afrika

HOOFKANTOOR: BELLVILLE

## BYBELGENOOT-SKAP SA

UITVOERENDE HOOF

**Kerkbode**

**VIR MEER INLIGTING** | woes@mweb.co.za / 023 342 6030

**Aflosleraars**

**VIR MEER INLIGTING** | daf@ngkvs.co.za / (051) 406 6700




# Predikantenuus


VRYSTAAT

**Ds Mias Nortier**, van Despatch-Eendrag, het die beroep as voltydse leraar na NG Gemeente Jacobsdal aanvaar.

Sy bevestiging het op Sondag 6 November 2022 plaasgevind.

Ds Ampie Swanevelder het die bevestiging waargeneem.

# VERJAARSDAE




## NOVEMBER

| | |
|---|---|
| 12 | Dr Jan de Man<br>**VILJOENSDRIF/TAAIBOSSPRUIT** |
| 12 | Naomi Sereeco<br>**MOOIGENOEG KAMPTERREIN** |
| 13 | Ds Fanus Coetzee<br>**MEMEL** |
| 16 | Ds Gerrit Strydom<br>**REITZ** |
| 21 | Ds Ulrich Ohlhoff<br>**HARRISMITH** |
| 22 | Ds Michael Rautenbach<br>**WESSELSBRON** |
| 22 | Isaac Thutsa<br>**BOUDEPARTEMENT** |
| 23 | Ds Jaco Thom<br>**PETRUSBURG** |

TEKS: **Psalm 1:1** (2020-vertaling)

**Deur ds Mias Nortier** | Leraar van NG Gemeente Jacobsdal

# Stadige en diep **geloof**

***"Gelukkig is die mens wat nie die raad van goddeloses volg, nie op die pad van sondaars gaan staan en nie in die byeenkoms van spotters sit nie".***

Die Psalmdigter gebruik drie werkwoorde om die fokus vir die res van die Psalms te vestig. Eerstens word daar 'geloop', dan 'gestaan' en laastens 'gesit'. In teenstelling met die leefstyl van goddelose mense moet die gelowige agter God aanloop. Die lewe is 'n avontuur en God plaas ons elkeen op 'n geloofsreis met hoogtes en laagtes.

Daar kom stadiums waar ons tot stilstand gedwing word, juis sodat ons kan stilstaan en fokus op die dinge wat God vir ons wil uitwys op hierdie geloofsreis. Dit is immers makliker om te fokus op iets, wanneer jy gaan staan. En wanneer ons só gaan staan, dan nooi God ons om te kom sit by sy voete.

Dit is hier waar ons aandagtig kan luister en ook saam gesels met God en ons mede-gelowiges.

Waarom is hierdie belangrik, sou jy dalk wou vra? Ons leef in 'n deurmekaar en té besige wêreld. Dit is 'n gejaag en 'n stryd van die môre tot die aand. Dit sal gelowiges baat om weer tot stilstand te kom op hulle geloofsreis.

Dit sal vir gemeentes baat om soos die 'boom' in vers 3 te word. 'n Boom wat diep wortels en 'n fyn aanvoeling vir God se nabyheid het. Dán kan die oorhaastige lewe maar kom, met droogtes en storms.

Gelukkig is ons wat loop, staan en sit saam met God.

**Blogartikel** »



Foto: **Ds Mias Nortier**

# KONTAK ONS

REDAKSIE

**NG KERK VRYSTAAT**
Departement Kommunikasie en Bemarking
**051 406 6700 (k)** | **072 151 9799 (s)**

Van Heerdenweg 20, Wilgehof, Bfn, 9301
Posbus 11412, Universitas, 9321

Stuur enige nuusgebeure, bydraes of inligting **voor 12:00 Dinsdae** na **cmclean@ngkvs.co.za**



# Samestellers

Celicia McLean (Redaksioneel)
**cmclean@ngkvs.co.za**

Karisma Coetzer
**skakel@ngkvs.co.za**
Carlie Niehaus
**carlie@ngkvs.co.za**

@NGKERKVRYSTAATAMP • NGKERKVRYSTAAT.CO.ZA

Indien jy op **VRYPOS** wil inteken | **KLIK HIER** | Stuur 'n e-pos om **VRYPOS** te kanselleer

©2022 NG Kerk Vrystaat | **VRYWARING**



NG Kerk
Vrystaat

NG KERK VRYSTAAT | **2022**
DEPARTEMENT KOMMUNIKASIE EN BEMARKING